KLK Landbou Beperk
Reg.nr. 1997/015589/06

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), die Maatskappywet, 71 van 2008, die historiese kostegrondslag en op die grondslag van 'n lopende onderneming opgestel. Daar was geen verandering in beleid of interpretasie toegepas deur die Groep, sedert die vorige tydperk, wat 'n wesenlike impak op die Groep se resultate of finansiële posisie het nie.

Winsaankondiging van die Groep vir die Jaar geëindig 28 Februarie 2021

Die **verdienste** van R81.1 miljoen verteenwoordig 'n 57.2%-verhoging vergeleke met die vorige jaar. Die wesensverdienste per aandeel het vanaf 292 sent per aandeel tot 472 sent per aandeel toegeneem.

Die uitstekende resultate is KLK se beste winsprestasie tot op datum en word hoofsaaklik toegeskryf aan die styging in winsbydraes van die Handels- en Brandstofafdeling sowel as Carpe Diem Raisins. Die fokus op koste- en margebestuur asook die verkryging van 'n addisionele 30%-belang in Carpe Diem Raisins op 31 Julie 2020 en die beter resultate van die Lewendehawe-afdeling het verder tot hierdie prestasie bygedra.

Die Vleisafdeling het swakker presteer as die vorige jaar as gevolg van wesenlike laer slaggetalle. SA Dorper het swakker as die vorige jaar presteer weens swakker velkwaliteit en laer velverkooppryse.

Finansiële Hooftrekke		**2021**	**2020**	**%**	
Inkomste	(R'm)	**2 226.9**	2 545.9	**12.5**	↓
Wins voor belasting	(R'm)	**155.4**	111.3	**39.6**	↑
Bedryfswinsmarge	(%)	**7.1**	4.6	**54.5**	↑
Verdienste	(R'm)	**81.1**	51.6	**57.2**	↑
Basiese verdienste per aandeel	(sente)	**472.3**	300.2	**57.2**	↑
Wesensverdienste per aandeel	(sente)	**471.6**	291.7	**61.7**	↑
Netto toename/(afname) in bank en kontant	(R'm)	**23.4**	(5.4)	**533**	↑
Netto batewaarde per aandeel	(sente)	**2 823.0**	2 420.6	**16.6**	↑

Die **Groepsinkomste** het met 12.5% gedaal tot R2 226.9 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van die daling in slaggetalle, laer brandstofvolumes en -pryse, laer internasionale rosyntjiepryse en die impak van COVID-19 op KLK Handel, *Build it* en die Motorafdeling.

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite was positief met R168.5 miljoen nadat netto bedryfskapitaal met R30.8 miljoen afgeneem het en belasting van R38.3 miljoen betaal is.

Aanleg en toerusting van R50.8 miljoen is aangekoop en dividende van R6.0 miljoen is betaal. Die verkryging van die oorblywende nie-beherende belang (37.5%) in Cool Raisins en ’n addisionele 30%-belang in Carpe Diem Raisins is gedurende die jaar afgehandel.

Die netto resultaat van bogenoemde was dat die kontantposisie van die Groep met R23.4 miljoen verbeter het vanaf R57.7 miljoen tot R81.1 miljoen.

Die Direksie gaan voort om die COVID-19-pandemie te monitor, maar verwag minimale besigheids- en bedryfsonderbrekings.

Nieteenstaande die uitdagende landbou- en handelstoestande en die negatiewe impak van die voortslepende droogte in die Noord Kaap wat aanleiding gee tot ’n skerp daling in slaggetalle en dorpervelle en die onlangse versterking van die Rand wisselkoers wat moontlik Carpe Diem Raisins se resultate negatief kan beïnvloed word verwag dat die resultate gedurende die komende jaar steeds bevredigend kan wees.

Die Direksie het besluit om geen dividend aan te beveel nie omrede kontantreservering noodsaaklik is vir moontlike geleenthede in die landbou en om KLK se groei- en uitbreidingstrategie te ondersteun.

Die Direksie het wel besluit om tydens die Algemene Jaarvergadering ’n algemene magtiging te vra vir die terugkoop van KLK aandele. Meer inligting hieroor sal tydens die Algemene Jaarvergadering bekend gemaak word.

’n Opsomming van die geouditeerde finansiële resultate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 is hierby aangeheg en op KLK se webtuiste onder “Finansiële resultate” beskikbaar.

Die finansiële jaarstate sal gedurende die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers, wat gehou sal word by KLK se Hoofkantoor op Dinsdag 20 Julie 2021, vir goedkeuring voorgelê word.

DIREKTEURE: JS Marais (Voorsitter), JPN Stander (Vise-voorsitter), VJ Klein, AR Kotzé, CF Kruger, JDM Minnaar, GC Olivier, F Strydom, A Human (Finansiële Direkteur), SD van Huyssteen (Besturende Direkteur).

Maatskappysekretaris: G Marquard

GEREGISTREERDE KANTOOR:
Karakoelstraat 14, Upington 8801
Posadres: Posbus 86, Upington 8800
Telefoon: 054 337 6200
Webwerf: www.klk.co.za

Datum: 27 Mei 2021

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

Staat van Finansiële Posisie

	2021 R'm	2020 R'm
Bates		
Nie-bedryfsbates		
Eiendom, aanleg en toerusting	306.0	272.1
Reg op gebruik van bates	15.4	22.7
Beleggingseiendom	1.1	1.1
Klandisiewaarde	32.0	32.0
Uitgestelde belasting	12.6	12.0
	367.1	**339.9**
Bedryfsbates		
Voorraad	277.1	285.2
Handels- en ander debiteure	143.4	137.6
Kontant en kontantekwivalente	95.6	93.3
	516.1	**516.1**
Totale bates	**883.2**	**856.0**
Ekwiteit en aanspreeklikhede		
Ekwiteit		
Aandelekapitaal	17.0	17.1
Verdeelbare reserwes	467.9	398.7
	484.9	**415.8**
Buiteaandeelhouersbelang	90.0	139.9
	574.9	**555.7**
Nie-bedryfslaste		
Uitgestelde belasting	32.0	22.8
Langtermynlenings	11.6	17.5
Huurverpligting: Reg op gebruik van bates	14.5	20.0
Uitgestelde staatsubsidie	12.0	10.5
	70.1	**70.8**
Bedryfslaste		
Bankoortrekkings	14.5	35.6
Korttermyngedeelte van langtermynlenings	6.2	6.0
Korttermyngedeelte van Huurverpligting: reg op gebruik van bates	3.8	4.5
Korttermyngedeelte van uitgestelde staatsubsidie	3.3	1.5
Handels- en ander krediteure	210.4	181.9
	238.2	**229.5**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**883.2**	**856.0**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

Staat van Omvattende Inkomste

	2021 R'm	2020 R'm
Verkope	2 226.9	2 545.9
Koste van verkope	(1 725.6)	(2 069.4)
Bruto wins	**501.3**	**476.5**
Ander inkomste	23.2	21.0
Uitgawes	(366.4)	(380.4)
Bedryfswins	**158.1**	**117.1**
Beleggingsinkomste	5.1	6.8
Finansieringskoste	(7.9)	(12.6)
Wins voor belasting	**155.3**	**111.3**
Inkomstebelasting	(46.8)	(34.1)
Wins na belasting	**108.5**	**77.2**
Ander omvattende inkomste	-	-
Totale omvattende inkomste	**108.5**	**77.2**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:		
Eienaars van die houermaatskappy	81.1	51.6
Buiteaandeelhouersbelang	27.4	25.6
	108.5	**77.2**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

Staat van verandering in Ekwiteit

	Verandering in eienaarskap R'm	Aandele-kapitaal R'm	Reserwes R'm	Totaal R'm	Buite aandeel-houersbelang	Totale Ekwiteit R'm
Saldo op 1 Maart 2019	**(0.3)**	**17.2**	**360.0**	**376.9**	**121.8**	**498.7**
Aandele teruggekoop	-	(0.1)	-	(0.1)	-	(0.1)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	51.6	51.6	25.6	77.2
Dividende	-	-	(12.6)	(12.6)	(7.5)	(20.1)
Saldo op 1 Maart 2020	**(0.3)**	**17.1**	**399.0**	**415.8**	**139.9**	**555.7**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	81.1	81.1	27.4	108.5
Dividende	-	-	-	-	(6.0)	(6.0)
Verandering in belang van filiale	(12.0)	-	-	(12.0)	(71.3)	(83.3)
Saldo op 28 Februarie 2021	**(12.3)**	**17.0**	**480.1**	**484.9**	**90.0**	**574.9**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

Staat van Kontantvloei

	2021 R'm	2020 R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant gegenereer deur bedrywighede	209.6	85.6
Beleggingsinkomste	5.1	6.8
Finansieringskoste	(7.9)	(12.6)
Belasting betaal	(38.3)	(26.8)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	**168.5**	**53.0**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	(50.8)	(50.6)
Verkryging en verhoging van belang in filiale	(83.3)	-
Verkoop van beleggingseiendom	-	2.1
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	0.5	1.4
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	**(133.6)**	**(47.1)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Aandele teruggekoop	-	(0.1)
Staatsubsidie ontvang	6.6	1.9
Verkryging (terugbetaling) van langtermynlenings	(5.7)	10.6
Betaling van huurverpligting	(6.4)	(3.6)
Dividende betaal	(6.0)	(20.1)
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	**(11.5)**	**(11.3)**
Totale toename (afname) in kontant en kontantekwivalente vir die jaar	**23.4**	**(5.4)**
Kontant en kontantekwivalente op hande aan die begin van jaar	57.7	63.1
Kontant en kontantekwivalente op hande aan die einde van jaar	**81.1**	**57.7**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

Wesensverdienste

	2021 R'm	2020 R'm
Toeskryfbare wins	81.1	51.6
(Wins)/Verlies met verkoop van bates	-	-
Billikewaarde-aansuiwerings	-	(1.5)
Wesensverdienste vir die tydperk	**81.1**	**50.1**

Finansiële Hoogtepunte en Statistiek

		2021	2020
Aantal gewone aandele uitgereik	'000	17 175	17 175
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele uitgereik	'000	17 175	17 178
Basiese verdienste per aandeel	(sent)	472.3	300.2
Wesensverdienste per aandeel	(sent)	471.6	291.7
Netto batewaarde per aandeel	(sent)	2 823.0	2 420.6